**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SEPTEMBER 2010**

**AFRIKAANS TWEEDE ADD. TAAL**
**TWEEDE VRAESTEL**

**TYD : 2 UUR**
**PUNTE : 80**

**VRYDAG : 10 SEPT. 2010**
**09:00 – 11:00**

NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2010

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 2

**PUNTE: 80**
**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (20) |
| AFDELING C: | Korter tekste: Transaksioneel/Naslaan/ Informatiewe | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Bestee 60 minute aan AFDELING A, 30 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

**1.1 DIS WAT EK WARE VRIENDSKAP NOEM.**

Jy was in 'n baie moeilike situasie en het nie geweet hoe om daaruit te kom nie. Jou vriend het jou gehelp.

Skryf 'n opstel en vertel wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat die situasie was.
- Hoe jy daarin beland het.
- Wat jou vriend gedoen het om te help.
- Hoe jy nou oor die vriendskap voel. **[40]**

**OF**

**1.2 MIKROFONE, MENSE EN LIGTE!**

Jy moes voor 'n gehoor van duisende mense optree.

Skryf 'n opstel en vertel wat gebeur het.
Hou die volgende in gedagte:

- Wat jy gedoen het.
- Hoe jy daarvoor voorberei het.
- Hoe die mense reageer het.
- Hoe jy gevoel het. **[40]**

**OF**

**1.3 DANKIE, MA. DANKIE, PA.**

Jou ouers het jou gehelp om te kom waar jy vandag is.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf waarom jy so dankbaar teenoor jou ouers is.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat jy bereik het.
- Wat jou ouers alles vir jou gedoen het.
- Waarom jy so dankbaar teenoor hulle is.
- Wat jy wil doen om jou dankbaarheid te bewys

**[40]**

**OF**

## 1.4 WANNEER EK MY MATRIEKSERTIFIKAAT HET.

Jou hele lewe lank het jy uitgesien na die dag wanneer jy Graad 12 voltooi het.

Skryf nou 'n opstel en beskryf wat jy beplan om na matriek te doen.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarom jy seker is dat jy graad 12 sal slaag.
- Hoe jy jou vir die finale eksamen voorberei het.
- Wat jy na skool gaan doen.
- Wat jy uiteindelik wil bereik. **[40]**


**OF**

## 1.5 – 1.8

**Skryf oor EEN van die prente wat hierna verskyn:**

- Die opstel wat jy skryf, moet direk verband hou met die prent.
- **Gee jou eie titel.** Die titel moet by die inhoud pas.
- Skryf die **nommer en titel** bo-aan jou skryfstuk.


1.5



[40]

OF

1.6



[40]

OF


1.7




[40]

OF

1.8



[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

### 2.1 INFORMELE BRIEF

Jy het op 'n interessante foto in jou ouers se foto-album afgekom.

Skryf 'n brief aan 'n vriend/in wat saam met jou op die foto verskyn en vertel hom/haar wat jy alles kan onthou.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarom jy deur die album geblaai het.
- Waar en wanneer die foto geneem is.
- Hoe jy gevoel het toe jy die foto sien. **[20]**

**OF**

### 2.2 'n VERSLAG

**Jaarverslag**

Jy is die voorsitter/ster van 'n klub of vereniging. Stel 'n kort JAARVERSLAG op waarin jy verslag doen oor alles wat julle die afgelope jaar gedoen het.

Skryf hierdie verslag en dink aan die volgende:

- Die naam van die klub of vereniging.
- Die getal mense wat aan die klub of vereniging behoort.
- Hoeveel nuwe lede het aangesluit?
- Hoogtepunte.
- Enkele probleme.
- Persone wat spesiale bydraes gemaak het. **[20]**

**OF**

## 2.3 'n RESENSIE

Jy het onlangs 'n film gesien wat jy baie geniet het. Jou klasonderwyser het jou gevra om 'n resensie daaroor vir julle skoolkoerant te skryf.

Skryf nou hierdie resensie en hou die volgende in gedagte:

- Wat is die film se naam?
- Waar kan jy op die oomblik na die film kyk?
- Wie is die regisseur van die film?
- Wie is die belangrikste karakters?
- Wat is die boodskap/storie van die film? **[20]**

**OF**

## 2.4 FORMELE BRIEF – AANSOEKBRIEF

Die volgende advertensie het in julle plaaslike koerant verskyn.

KARIEGA MOTORS
*MERCEDES BENZ agente, Oos-Kaap*
VERKOOPSKONSULTANT
***DRINGEND BENODIG JAN 2010***

Hou jy van mense en motors? Wil jy graag leer hoe om 'n suksesvolle verkoopspersoon te word? Doen aansoek by:

Pote Human
Kariega Motors
Posbus 1251
Kariega
6126

Skryf 'n aansoekbrief en doen aansoek om hierdie pos.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar en wanneer was jy op skool?
- Wat is jou kwalifikasies?
- Waarom dink jy dat hierdie pos jou pas? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/ INFORMATIEWE

### VRAAG 3

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

### 3.1 INSTRUKSIES

Niemand kan vetkoek soos jy maak nie. Jou ma het 'n vriend/in hiervan vertel en nou wil hy/sy die resep hê.

Skryf nou puntsgewys TIEN stappe in volsinne neer hoe om hierdie vetkoek te maak.

Hou die volgende in gedagte:

- Die bestanddele wat jy nodig het.
- In watter volgorde moet die bestanddele gemeng word.
- Hoe word die vetkoek uiteindelik gaargemaak. **[20]**

**OF**

### 3.2 POSKAART

Jy is by 'n belangrike sokkerwedstryd.

Skryf nou vir jou vriend/in 'n poskaart en vertel van alles wat daar gebeur.

Hou die volgende in gedagte:

- Die naam van die spanne en die stadion.
- Waar bly jy en hoe kom jy tot by die stadion?
- Wat is interessant en lekker?

Teken die formaat van die poskaart in jou antwoordeboek oor en skryf dan die boodskap en ander inligting.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | Seël | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

**[20]**

**OF**

## 3.3 UITNODIGING

Jou ouers het jou gevra om 'n paar mense na jou broer/suster se een-en-twintigste verjaarsdagpartytjie uit te nooi.

Ontwerp nou die uitnodigingskaartjie vir hierdie partytjie.

Hou die volgende in gedagte:

- Plek: Waar gaan die partytjie wees?
- Datum: Wanneer is die partytjie?
- Tyd: Hoe laat die partytjie sal begin.
- Tema: Gee 'n goeie verduideliking van die tema.
- Kleredrag: Verduidelik dat die kleredrag by die tema moet pas.
- Aktiwiteite: Vertel van DRIE dinge wat julle gaan doen. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**